higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

21 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

216Q1N2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wetgewing wat die regte en verantwoordelikhede van werknemers en werkgewers voorskryf.

A Wet op Burgerlugvaart
B Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid
C Wet op Seeverkeer
D Wet op Nasionale Landvervoer

1.2 Die hoofoogmerk van hierdie beleid is om te verseker dat lugvervoer veilig, betroubaar en bekostigbaar is.

A Maritieme vervoerbeleid
B Niegemotoriseerde vervoerbeleid
C Spoorvervoerbeleid
D Lugvaartbeleid

1.3 VVV ('RFP') staan vir ...

A versoek vir voorstel.
B versoek vir verkryging.
C versoek vir verskaffing.
D versoek vir voorraad.

1.4 ... is verantwoordelik vir die vestiging en instandhouding van hawe-infrastruktuur.

A Lughawemaatskappy van Suid-Afrika
B Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk
C Transnet
D Nasionale Haweowerheid

1.5 'n Voorbeeld van 'n veranderlike koste:

A Huur(geld)
B Brandstof
C Versekering
D Sekuriteit

1.6 Indien inkomste R8 000 en uitgawes R3 000 beloop, is die wins:

A R5 000
B R11 000
C R3 000
D R8 000

Kopiereg voorbehou

1.7 Die term *inkomste* kan beskryf word as …

A die geld wat aan verskaffers betaal word.
B die geld wat gemaak word deur produkte of dienste te verkoop.
C die geld wat deur die onderneming verskuldig is.
D die verskil tussen verkope en koste van verkope.

1.8 ’n Pakhuis wat swak bestuur word, kan ...

A kliënte laat toeneem.
B baie geld vir die maatskappy besorg.
C ’n afname in verkope tot gevolg hê.
D ’n toename in verkope tot gevolg hê.

1.9 King Shaka Internasionale Lughawe is in ... geleë.

A Johannesburg
B Kaapstad
C Oos-Londen
D Durban

1.10 Verwys na maniere om die beweging van vraghouers te vertraag:

A Palettisering
B Vaswoeling
C Wurging (‘choking’)
D Nasporing

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Lugvaartbeleide word verdeel in binnelandse en internasionale beleid.

2.2 Die staat se tenderstelsel is verskans in die WOFB (‘PFMA’) en die WRVVB (‘PPPFA’).

2.3 Die sluitingstyd vir indiening van tenderdokumente is gewoonlik 23:00.

2.4 ’n Vraglogistieknodus is ’n punt wat verskillende vervoermodusse verbind en ’n geleentheid bied om vrag te stoor.

2.5 Omgekeerde logistiek verwys na die proses om grondstowwe te bekom en te voorsien wat vir vervaardiging benodig word.

2.6 Verkrygingskoste verwys na koste wat met die lewering van ’n produk verband hou.

2.7 Winste vir ’n spesifieke produk kan gemaksimaliseer word deur verkoopsvolumes te verminder.

2.8 'n Interne kliënt is enigiemand van buite die organisasie.

2.9 Indien die handelsbalans positief is, beteken dit dat die land meer verkoop as wat hy gebruik.

2.10 Suid-Afrika is die grootste uitvoerder van goud.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Dit behels die beplanning, implementering en beheer van goedere	A	handelsroete
3.2	Bane in die see wat gereeld deur vragskepe gebruik word	B	80/20-voorkeurstelsel
3.3	Al die geld wat die maatskappy tydens 'n spesifieke tydperk ontvang	C	logistiek
3.4	'n Groep mense wat soortgelyke sakebelange het	D	inkomste
3.5	Word gebruik om die pryspunt met betrekking tot tenders/verkryging te bereken	E	kluster

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Wat landvervoer betref, is daar twee uiters belangrike wette wat die nasionale koördinering van regulasies en ..., registrasie asook opleiding van verkeerskantore betref.

4.2 Die visie van ... is dat vervoer in SA teen 2050 in die behoeftes van vrag- en passasierskliënte sal voorsien.

4.3 ... koste hou verband met die uitgawes betrokke om produkte of bates na 'n ander plek te beweeg.

4.4 ... koste hou verband met die indiensneming van personeel om die nodige werk in die maatskappy te verrig.

4.5 ... is fasiliteite wat toegerus is om goedere vir tydelike berging van een of meer verskaffers te ontvang.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

BOERE SAL DAARBY BAAT DEUR VAN PAD- NA SPOORVERVOER OOR TE SKAKEL

Leiers is van mening dat 'n nuwe beleid wat ten doel het om deur gedeeltelike privatisering nuwe lewe in spoorvervoer te blaas, die landbousektor kan help om vervoerkoste te bespaar en koolstof-emissies te beperk. Dit word by die dag duurder vir boere om hul landbougoedere te vervoer, veral in die lig van koste wat gedryf word deur die prys van brandstof en die agteruitgang van Suid-Afrika se padinfrastruktuur, wat dikwels oorbelas is. Landbouleiers is dus versigtig optimisties oor 'n nuwe beleidsrigting wat 'n gedeeltelik geprivatiseerde renaissance van spoorvervoer in die land aan die gang kan sit.

Die Departement van Vervoer se Witskrif oor Nasionale Spoorbeleid, wat onlangs in die Staatskoerant gepubliseer is, is voornemens om die land se onderpresterende spoorwegstelsel om te keer deur ruimte vir investering deur die private sektor te skep.

Die langtermyn-beleidsraamwerk stel dit in die vooruitsig om konsessies op spesifieke spoorlyne aan private operateurs toe te staan om mededinging aan te moedig. Dit voorsien ook om private maatskappye toe te laat om hul eie spoorvoertuie te voorsien as 'n manier om die opgradering van die land se tans verwaarloosde spoorbusse te finansier. Kundiges sê indien die beleidsaanbevelings goedgekeur word, kan die landbou- en agro-verwerkingsektore baie daarby baat.

Volgens Christo van der Rheede, uitvoerende direkteur van Agri SA, kan die beleid vervoerkoste vir boere verminder. Hy is van mening dat dit ook 'n oplossing vir Suid-Afrika se verslegtende pad-infrastruktuur is. "Indien dit behoorlik in werking gestel word, kan dit die skade wat vragmotors aan paaie aanrig minimaliseer. Ons moet minder vragmotors op die paaie hê, omdat dit nie alleen tot opeenhoping lei nie, maar ook tot verhoogde koolstof-emissies bydra," het Van der Rheede verduidelik.

Hy glo dat daar ook minder padongelukke sal wees en dat die gehalte van padinstandhouding sal verbeter. Grootmaatkommoditeite soos graan, mielies, koring, wol en katoen kan alles per spoor in plaas van met vragmotors beweeg word. Van der Rheede glo ook dat die beleid 'n geleentheid vir Suid-Afrika bied om sy kweekhuisgas-emissies te beperk.

[Vertaal uit: *www.foodformzansi.co.za*]

Kopiereg voorbehou

5.1 Watter VIER voordele hou die nuwe beleid volgens Agri SA in? (4 × 2) (8)

5.2 Identifiseer TWEE doelstellings van die Witskrif oor Nasionale Spoorbeleid volgens die artikel. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik DRIE oogmerke van die spoorbeleid. (3 × 2) (6)

5.4 Watter SBO is vir die spoorbeleid verantwoordelik? (1)

5.5 Vragvervoer en logistiekregulering is ongelukkig ook gefragmenteerd en inkonsekwent. Daarbenewens is modusspesifieke regulering 'n kombinasie van onafhanklike interne en eksterne regulering wat oor verskillende SBO's versprei is. Duidelike ekonomiese regulering is slegs van toepassing op sekere klein subkomponente van die vraglogistiekbedryf.

Som uitdagings op wat deur die Nasionale Vraglogistiekstrategie geïdentifiseer is. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 6

6.1 Ontleed die foto hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:



[Bron: *https://thetenderteam.com.au/tender-writing-services/*]

Wei breedvoerig uit oor die besluit om volgens die staatstenderstelsel te tender sodra die VVV deur die maatskappy bestudeer is. (4)

6.2 Beskryf VIER doelwitte van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur. (4 × 2) (8)

6.3 Noem TWEE tipes kommoditeite wat by elk van die volgende kommersiële hawens gehanteer word:

6.3.1 Durban

6.3.2 Oos-Londen

(2 × 2) (4)

6.4 Noem enige DRIE partye wat by voorsieningskettingbestuur betrokke is. (3)

6.5 Onderskei tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2 × 2) (4)

[23]

VRAAG 7

7.1 Som enige TWEE sinergieë op wat deur middel van geïntegreerde logistiekbestuur bereik kan word. (2 × 2) (4)

7.2 Bespreek verbruikerbewustheid as 'n faktor wat tot die groei van geïntegreerde logistiekbestuur bydra. (3)

7.3 Verduidelik die volgende tipes kostegroepe in geïntegreerde voorsieningskettingbestuur:

7.3.1 Koste van bestellingverwerking

7.3.2 Bergingskoste

(2 × 2) (4)

7.4 Lerato en Mateboho is twee susters wat hul vaardighede en kennis saamgevoeg het om Emphangeni Logistics te vestig. Hulle weet dat jy in jou finale studiejaar in Vraglogistiek NSB Vlak 4 is en vra jou raad oor hoe hulle hul onderneming die beste kan uitbrei. Jy het die volgende inligting beskikbaar oor hul onderneming:

Gebruik die onderstaande inligting uit Emphangeni Logistics se boeke om 'n inkomstestaat op te stel vir die jaar geëindig 31 Augustus 2023.

	R
Verkope	2 000 000
Koste van verkope	600 000
Salarisse	300 000
Brandstof	250 000
Instandhouding	80 000
Skryfbehoeftes	10 000
Elektrisiteit	30 000
Tolgeld	20 000

(11)

7.5 Adviseer die susters oor die beste maniere waarop Emphangeni Logistics winsgewendheid in hul onderneming kan verhoog. (2 × 2) (4)

[26]

VRAAG 8

8.1 Noem TWEE eksterne faktore wat 'n invloed op die winsgewendheid van ondernemings het. (2)

8.2 Verduidelik kortliks VIER voordele van 'n verspreidingsbestuursplan. (4 × 2) (8)

8.3 Som die DRIE tipes bestuursplanne op en gee toepaslike voorbeelde vir elk. (3 × 4) (12)

8.4 Noem TWEE nasionale lughawens in Suid-Afrika. (2)

8.5 Noem TWEE naburige lande met wie Suid-Afrika landsgrens-toegangspunte deel. (2)

[26]

VRAAG 9

9.1 Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae.

> Suid-Afrika het 'n oorskot hoenderborsies. Europa ervaar 'n tekort, en is bereid om drie keer die plaaslike prys te betaal. By 'n onlangse bespreking het kundiges egter gesê hoewel die geleentheid nie betwis kan word nie, is die pad na uitvoergroei besaai met struikelblokke wat die pluimveebedryf kortwiek.
> Die land voer tans 26 000 ton hoender per jaar uit, met 'n uitvoerwaarde van R622 miljoen.

9.1.1 Wat beteken die term *uitvoer*? (2)

9.1.2 Verduidelik VIER faktore wat die prysing van ingevoerde goedere bepaal. (4 × 2) (8)

9.1.3 Noem TWEE kommoditeite wat Suid-Afrika uitvoer. (2)

9.2 Gee VIER redes waarom logistiekmaatskappye opsporing- en naspeuringstelsels ('track and trace') gebruik. (4 × 2) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou